naam is genoem, maar ek het nie mooi gevolg nie? -- Ja dit is reg luitenant Louw en adjudant offisier Aucamp het toesig gehou oor die mense voor die parade, tydens die parade het sommige van die mense besluit dat hulle nie meer teenwoordig wil wees nie en ons het toe met die regsverteenwoordigers van die weermag en Phola Park en die van kaptein Kritzinger, liewer hulle het dit, ek het dit ook op die videostel gesien, met die mense onderhandel en hulle meegedeel presies waarom hulle by die parade moet wees en dat indien hulle sou die parade verlaat, hulle hulle reg om weer 'n parade by te woon verbeur en daar het toe 'n klomp mense geloop wat niks van die parade eintlik uitgemaak het nie. Nou volgens luitenant Louw was daar 'n persoon met die naam, se van liewer Kwangwa wat ook in die kombuis was waar die mense gewees het wat met 'n fluitjie geloop het en dit geloop en rondswaai het en volgens inligting is hierdie fluitjie ook 'n vorm van intimidasie vir die mense en dat hulle praat van "betunja", nou wat ek verstaan van "betunja" is slaan. Nou luitenant Louw het verskeie kere hierdie woord ook gehoor, daar was ongelukkig nie 'n tolk tussen luitenant Louw en die inwoners van die parade daar nie so wat daar gesê was en hoe die mense geintimideer was sal net luitenant Louw kan verklaar.

Kan ek net aan u die volgende vra, hoe word 'n fluitjie gebruik om die mense te intimideer? -- Die fluitjies word gewoonlik gebruik wanneer aanvalle plaasvind, op verskeie kere het dit na vorendag gekom dat wanneer 'n aanval plaasvind, dat daar die geluid van fluitjies is en op hierdie manier dink ek is die fluitjie 'n soort van 'n intimideringsmiddel vir enige van die mense wat weet waaroor dit gaan.

<u>VOORSITTER</u>: Daardie "betunja", watse taal is dit? -- Ek

dink/...

dink dit is Xhosa.

MNR LEWIES: Goed, kan ek net vir u die volgende vra. Hierdie mense wat by luitenant Louw aangehou is, hulle was nie in sig van die parade nie, hulle was buite sig gewees of hoe? -- Ja, hulle was heeltemal buite sig van die parade self, hulle was in die kombuis van die Burgersentrum van Tokoza. Die parade self was binne in die ouditorium self gehou.

So wat plaasgevind het het buite sig van die parade self plaasgevind? -- Dit is reg ja.

Kan ek net vir u verder vra, hoeveel ingange is daar tot Phola Park by wyse van 'n voertuig? -- Aan die suidekant is daar twee en aan die oostekant is daar een, aan die noordekant is daar twee en aan die oostekant is daar 'n verbypad waar u enige plek in Phola Park in kan gaan by die ingange, aan die westekant.

Sersant weet u iets van 'n magstryd wat daar gevoer is in Phola Park, so in vroeër April hierdie jaar? -- Ek is nie heeltemal op hoogte nie maar ek weet dat daar 'n geskil was tussen die inwoners en die bestuurskomitee van Phola Park en dat daardie bestuurskomitee van Phola Park van destyds nou heeltemal ontbind was, die voorsitter daar was gewees mnr. Prins Mhlambi, hy word nie meer in Phola Park gesien nie, waar hy nou is weet ek nie op hierdie stadium nie.

Wat was die posisie terwyl Mhlambi daar was, die kennis wat u het? -- Dit was maar dieselfde soos wat dit nou is.

Misdaadsyfer? -- Ek sal sê vergelykender wys is dit min or meer dieselfde.

Min of meer dieselfde. Sersant 'n ander aspek wat ek net wil opklaar, u sê daar was drie voertuie beskadig, nou 'n voertuig kan op verskillende maniere beskadig word, hoe was dit

beskadig,/...

beskadig, met bakstene, koeëlgate of hoe? -- Ja maar daardie voertuie was deur koeëlgate beskadig gewees.

Was dit koeëlgate wat dit beskadig het? -- Dit is korrek ja.

VOORSITTER: Wie se voertuie was dit? -- Die eienaars van daardie voertuie kon nie opgespoor word nie, dit is ou voertuie gewees, ek glo nie daardie voertuie was meer in gebruik nie, onder andere was dit 'n karavaan ook gewees wat gebruik word as 'n snoepwinkel.

Maar almal was, voor hulle beskadig gewees het, was hulle padvaardig gewees? -- Een van dit was padvaardig, die ander twee was nie padvaardig nie.

MNR LEWIES: Was dit darem bruikbare voertuie? -- Nee daardie een bakkie was glad nie bruikbaar nie.

Sersant kan ek u verder vra, u het netnou na 'n foto verwys maar ek het toe nie die fotos by my gehad nie, daar het u iets gesê dat dit lyk of daar outomatiese sarsie skote op 'n plek...(tussenbei) -- Dit was op die agterkant van daardie huis nommer L251.

Kan u my net wys asseblief, wat is die foto nommer? -- Foto 7.

Ken u die begrip vuurleidingbevele? -- Ons gebruik dit nie in die polisie nie, nee.

Weet u wat dit is as daar bevel gegee word dat op spesifieke teikens geskiet word? -- Ja, ek weet dit ja.

Sal u kan sê dat dit skote is as gevolg van daardie dat verskillende vuurwapens op 'n gespesifiseerde teiken geskiet is? U sien u het die opinie uitgespreek dat dit outomaties kon wees, maar wat van die ander kant? -- Dit is moontlik dat dit op 'n ander manier ook geskiet kon geword het.

VOORSITTER:/...

VOORSITTER: Kan u net daardie begrip verduidelik aan die getuie, vuurleidingsbevele, wie gee die bevele?

MNR LEWIES: Soos ek verstaan sersant, die weermag dra so 'n begrip soos vuurleidingsbevele, dit is dat 'n bevelvoerder of iemand opdrag gee dat daar op 'n gespesifiseerde teiken geskiet moet word, nou terwyl ons op die ding stilstaan het julle ook so 'n bevel in die polisie? -- Ja.

Wat word hy genoem? -- Dit is, ek kan nou nie...(tussenbei)

Doelgerigtevuur hoor ek word hier gefluister maar ek weet nie of dit die waarheid is nie. -- Dit is, jy skiet onder bevel, ons noem dit maar net jy skiet onder bevel, jy kan dit seker dieselfde woord gebruik wat u nou gebruik, maar ek is nie seker wat spesifiek, wat die spesifieke woord is wat ons gebruik nie.

Dit is nie van belang nie, maar basies u verstaan nou die begrip wat ek nou aan u verduidelik? -- Ja, ek weet.

En dit word ook, dieselfde ding...(tussenbei) -- Dit word gebruik in die polisie ja, maar die woord vuurleidingsbevel is 'n term wat ons net nie gebruik nie.

Goed nou daardie begrip, sou u sê dit kon deur sulke skote gewees het, met anderwoorde doelgerigtevuur op 'n spesifieke teiken? -- Dit kon wees, ja.

VOORSITTER: Ja maar kyk as dit kon so wees, die man wat die bevele gee dan het hy 'n sekere beweegrede waarom gee hy daardie bevele is dit nie waar nie? -- In so 'n geval noodwendig het hy 'n beweegrede...(tussenbei)

Ja en wat dink u, wat is die beweegrede? -- Ek weet nie of dit so 'n geval was nie mnr. die Voorsitter.

Okay, gaan voort.

MNR LEWIES: Dit punt is net met respek sersant, dit is 'n bietjie moeilik om sommer net kategories te verklaar dit is outomatiese vuur wat dit gedoen het? -- Nee, ek het gesê dit lyk vir my so, ek het nie kategories gestel dat dit wel 'n feit is nie.

Ek verstaan. Sersant ek wil nou na u terugkeer na die mediese verslae, kry u dossier daar en ek het hier 'n verslag om net 'n voorbeeld te noem A106, ek wil hê u moet dit oopmaak asseblief.

MNR PRETORIUS: Mnr. die Voorsitter ek wil net seker maak dat daar nie afstand gedoen word van die priviligie wat kleef aan die dossier as geheel nie, ek maak net seker dat, ek het nie daardie magte dat daar afstand gedoen word van die priviligie daar nie, ek het geen probleem of beswaar as daar na 'n enkele een verwys word maar ek gaan byvoorbeeld nie insae in die hele dossier aan my geleerde vriend gee nie.

MNR LEWIES: Ek wil dit nie hê nie, dankie ek neem kennis mnr. die Voorsitter.

VOORSITTER: Ja u sien, laat ek dit so stel aan almal wat hier teenwoordig is, indien verwysing gemaak word na daardie spesifieke verklaring of wat is dit, is dit 'n verklaring of is dit 'n mediese verslag?

MNR LEWIES: Dit is 'n mediese verslag.

VOORSITTER: Ons kan nie nou praat van priviligie want dit is al versprei onder baie mense, dieselfde argument wat mnr. Flip Hattingh al gebruik het dat al het hy dit gesteel, die feit van die saak is dat dit het onder sy oë gekom en dit is nie meer gepriviligeerd nie, u sien, so hy kan voortgaan daarmee. Maar die ding is in konteks mens moet dit sien in die konteks van die dossier as geheel, ons praat, ons bepaal

onsself/...

onsself op daardie mediese verslag en nie ander dinge nie, want die res van die dinge is gepriviligeerd u sien, dit is wat dit beteken. Reg, gaan voort.

MNR LEWIES: Ek wil hê u moet terugkyk na Bewysstuk 93 en asseblief ek vra nou nie dat u moet kwaadword maar hierdie twee loop hand aan hand, so hou asseblief A103 byderhand, 106 jammer byderhand en A93 byderhand.

VOORSITTER: Het u dit gekry sersant? -- Ek het dit mnr. die Voorsitter.

MNR LEWIES: Sersant die heellaaste gedeelte van A106 wat ek het, want hy beslaan etlike bladsye kom ons blaai maar deur dit dan kyk ons, bladsy een, bladsy twee - u draai saam - bladsy drie, bladsy vier, bladsy vyf, bladsy ses, bladsy sewe, bladsy agt, bladsy nege. Lyk u bladsy nege en meine dieselfde? -- Dit lyk so ja.

Hier heel boaan staan daar geskryf, 33196/92 Admission Form TP81? -- Dit is korrek ja.

Kan u net kyk daar is omtrent in die middel "reason for admission" net bokant die middel word daar so "reason for admission" met 'n * gemerk, sien u dit? -- Ja.

Dan staan daar "illness, injury, attempted suicide, assault, poisoning, other reasons", sien u dit? -- Ja.

Nou ek neem aan u moet invul wat die rede wat dit ookal is en dan moet jy dit met 'n kruisie merk, want ek sien die ander is so gedoen, sien jy dit? -- Ja, hierso ja, ek het dit.

Daardie blokkie wat daar langsaan is? -- Dit is reg ja.

Maar hier sien ek hierdie man is nie vir 'n "assault" of "attempted suicide" of 'n "injury" toegelaat nie, maar hy is vir 'n "other reason" toegelaat, sien u daar? -- Ek sien dit

ja.

Goed, u het nou ook getuienis gegee en in die loop daarvan wil ek u na A93 verwys, dat u sekere goed by dr. Kerns gekry het en ander goeters by die regsverteenwoordigers van die mense van Phola Park? -- Dit is korrek ja.

Kyk vir my na bladsy, blaai weer saam met my, een, twee, drie, vier, vyf, bladsy vyf van A93 en u sien daar item 19, Nelson Tsotsetsi? -- Ja ek sien hom.

Stem ooreen met A106 se naam, reg? -- Dit is reg, ja.

Waar het u die besonderhede van Nelson Tsotsetsi gekry, van dr. Kerns of van die regsverteenwoordigers? -- Hierdie twee verslae het ek op een dag gekry.

By wie? -- Ek het hierdie verslae het ek by mej. Siedie gekry en die ander het ek gekry by dr. Kerns.

U praat nou net van A93? -- A106 het ek by dr. Kerns gekry.

En A93 by mej. Siedie? -- Dit is reg ja.

Mnr. die voorsitter ek het ook die geleentheid nodig om deur die ander mediese verslae te gaan, kan ek voorstel dat ons nou die tee verdaging neem?

VOORSITTER: Ja, die Kommissie sal verdaag vir 'n teepouse van vyftien minute.

DIE KOMMISSIE VERDAAG VIR TEE. DIE KOMMISSIE HERVAT.

JAN HENDRIK OLIVIER steeds onder eed:

VOORSITTER: Sersant u is nog steeds onder eed en mnr. Lewies u is nog besig met u kruisondervraging, ons gaan voort.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR LEWIES (vervolg): Sersant dra u kennis van die voorval wat in die media was van elemente wat hulle voorgedoen het as lede van die polisiemag en mense aangeval het of wou aanval of iets, ek is nie mooi seker van

presies/...

presies wat dit was nie, maar dra u kennis van so 'n insident wat gerapporteer was? -- Ek het dit in die media gelees dat hulle hulleself voorgedoen het as polisiebeamptes, lede van die PAC ja.

Watse kleredrag het hulle aangehad? -- Hulle het polisie werksdrag aangehad.

Ja maar ek weet nie? -- Uniforms, polisie uniforms.

Is dit uniforms, nie die "camouflage" nie? -- Nee.

Sersant in die lig van die feit dat u sê daar is baie misdaad in Phola Park, wat is die posisie met betrekking tot die normale aanrandings endiesmeer wat plaasvind in Phola Park, kry julle van die goeders wat kom kla? -- Dit gebeur maar ons ondersoek nie die saak nie, dit word ondersoek deur die Uniformondersoekeenheid van Tokoza self.

Ek sien, so is dit korrek soos ek verstaan van een getuie dat daar maar elke aand in Phola Park, maak nie saak wat nie, die een of ander aanranding plaasvind? -- Ek is nie op hoogte van dit nie, maar dit is moontlik ja.

Weet u iets van SDU's af, Self Defence Units wat daar in Phola Park spesifiek geopereer het in April? -- Ja ek weet dat daar hierdie eenhede bestaan het in Phola Park.

Dwing hulle soms dissipline af of bosoemvresing of intimìdeer mense, ek weet nie, ek vra vir u? -- Hulle boesom vrees af in die sin dat hulle mense dwing om te doen wat hulle wil hê hulle moet doen, daar het al aan die lig gekom dat hulle inwoners byvoorbeeld aansê om te gee pad uit 'n sekere gebied uit in Phola Park self, dan doen die inwoners dit op versoek van die Self Defence Units.

Slaan hulle enige iemand met sambokke of so, het jy al sulke gevalle teëgekom? -- Ek het al van sulke klagtes gehoor

ja./...

ja.

Waar die Self Defence Units die sambokke gebruik? -- Dit is reg, ons ondersoek dit.

Dit is die uniformtak sou ek sê? -- Dit is reg, dit is die aanrandingstak.

Kan ek net vir u vra, die verklaring van mnr. Misimango wat aan u beskikbaar gestel is, meld hy daarin van sy seun wat teenwoordig was tydens al hierdie verrigtinge of gebeure waar hy beseer is en sy vrou beseer is op enige stadium? -- In die verklaring wat ek by mej. Siedie gekry het maak hy melding daarvan ja.

Hy maak melding? -- Dat sy seun teenwoordig was toe dit gebeur het.

In die verklaring wat u van hom geneem het, die polisie verklaring? -- Die verklaring wat sersant Du Plessis van hom geneem het is heeltemal half, dit is basies net 'n aanhef en inleiding tot die verklaring wat sersant Du Plessis bekom het voordat hy gekeer was deur mnr. Sithole.

Dankie mnr. die Voorsitter, ek het nie verdere vrae nie.

<u>VOORSITTER</u>: Dankie mnr. Lewies. Miss Cambanis what is the position with your counsel, is he here?

<u>MISS CAMBANIS</u>: No he is not here Mr Chairman.

<u>CHAIRMAN</u>: Are you going to cross-examine this witness?

<u>MISS CAMBANIS</u>: I would request Mr Chairman that the cross-examination of this witness stand over if possible until tomorrow morning?

<u>MR D PRETORIUS</u>: Mr Chairman if I may just perhaps get some clarity, if I recall correctly yesterday Miss Cambanis's counsel said that he, that they were merely in possession of a watching brief for the ANC and that they are not acting for

the 101 victims anymore, if I might just get some clarity on this point?

CHAIRMAN: Ja, do you want me to explain it or can you explain it Miss Cambanis?

MISS CAMBANIS: No Mr Chairman I think you know the position, if I may just place on Thursday was the last sitting we were unable to bring Mr Misimango through because of incidents that took place at Phola Park involving the presence of 32 Batalion and as a result of that informal meetings took place on Friday and other yesterday where we indicated that witnesses were reluctant to participate as they had become disillusioned. None of us representing the victims of the ANC were able to enter Phola Park until yesterday. Yesterday afternoon Mr Sithole went back into Phola Park to confirm instructions and we now have instructions that the witness Misimango and if necessary other witnesses, will participate.

CHAIRMAN: So circumstances have changed?

MISS CAMBANIS: That is correct.

CHAIRMAN: Then your mandate has been renewed?

MISS CAMBANIS: That is correct.

CHAIRMAN: To appear for the civics in Phola Park.

MISS CAMBANIS: That is correct.

CHAIRMAN: And the ANC?

MISS CAMBANIS: Not the, the victims and the ANC - PWV region, civics is a...(intervenes)

CHAIRMAN: Oh the civics are represented by, I am sorry, by Mr Goldblatt, but you are representing the victims of the incident of the 8th?

MISS CAMBANIS: The 8th and 9th, that is correct.

CHAIRMAN: And the ANC?

MISS CAMBANIS: Yes, PWV region if I can just distinguish because it falls under that region.

CHAIRMAN: Now when did you know that the situation has changed Miss Cambanis?

MISS CAMBANIS: Mr Sithole phoned me at home yesterday evening, last night to report back. After we left Pretoria he went out at about 16:00 to try to get hold of committee members and other persons concerned and he, I found out at about 21:00 last night I was informed that the witness Misimango would be coming through.

CHAIRMAN: Did you inform your counsel that the situation has changed overnight?

MISS CAMBANIS: I was not able to get hold of Mr Joseph last night no, and this morning he has been in court.

CHAIRMAN: Ja, is it not possible for you as an admitted attorney to cross-examine this witness Miss Cambanis?

MISS CAMBANIS: Yes of course Mr Chairman it is, but I would still ask for an opportunity to just let the cross-examination stand down at least until 14:00. Client has been represented by counsel up to this point, it is because of circumstances that Mr Joseph is not here because I was not able to inform him last night and that is what has happened. I beg this Commission's indulgence to give me the opportunity to obtain the services of Mr Joseph?

CHAIRMAN: You say the cross-examination must stand down until when?

MISS CAMBANIS: Well sir during lunchtime I would be able, I would prefer until tomorrow 09:30 because then I can give my absolute undertaking that it will resume at 09:30.

CHAIRMAN: Ja but during teatime you said you were going to

phone Mr Joseph, what happened, give a report Miss Cambanis.

MISS CAMBANIS: Sorry, he is in court, he is not at his chambers, I cannot get hold of him now.

CHAIRMAN: I must impress it upon you Miss Cambanis that this Commission is not going to tolerate any stalling tactics, we are going on, we have to go on and a special meeting is going to be held on Friday to discuss our doings here and we are very much dissatisfied about the manner in which things are going on here. When the judge comes on Friday we will report to him accordingly as to what is happening here. If your counsel, whether it be Mr Joseph or a new one or whatever, does pitch around just impress it upon him that we are going on and he can have access to the record of our doings here to cross-examine this witness and the indulgence must not be interpreted to be the rule, it is an exception, it is just an indulgence.

MISS CAMBANIS: Thank you Mr Chairman.

VOORSITTER: U het gehoor sersant, het u, wat is u program môre het u, is u beskikbaar vir môre hierso? -- Ek sal beskikbaar wees ja.

Sal u kan beskikbaar wees, dankie die Komitee stel dit hoog op prys dat u môre hier sal wees.

MISS CAMBANIS: Thank you Mr Chairman.

CHAIRMAN: Right thank you Miss Cambanis. You have heard it, is there any other objection? So the mandate has been renewed, they represent the victims as well as the ANC in that region and as a result of Mr Joseph's unavailability this morning, it is hoped that tomorrow morning he will be here to go on and he will have access of course to the record. Thank you Miss Cambanis. Mr Goldblatt?

CROSS-EXAMINATION BY MR GOLDBLATT: Thank you Mr Chairman.

Sergeant/...

Sergeant you will forgive me if I ask questions in English, with the indulgence of the Commission I would like to do that?

VOORSITTER: Dit staan u vry om die vrae in Afrikaans te beantwoord, maar die vrae sal nou in Engels gestel word en waar u nie kan verstaan nie, het ek 'n tolk hierso mnr. Boyi wat baie goeie Engels praat en hy sal u behulpsaam wees.

MR GOLDBLATT: Thank you Mr Chairman. Sergeant you indicated that you had attempted to get hold of both of the complainants and the opponents so that you could take your investigations further, is that correct? -- Dit is korrek, die dag toe ek die ondersoek ter plaatse gaan doen het, het ek gepoog om die mense se verklarings te bekom, hulle het op daaride stadium geweier om verklarings te maak en gesê dat hulle dit sal doen en aan die Kommissie van Ondersoek beskikbaar sal stel en hulle het gesê die persoon wat hulle daarmee behulpsaam sal wees sal mej. Siedie wees.

I have a letter over here which is dated the 15th of last month, it is addressed to the Station Commander, South African Police, Tokoza, have you seen that letter?

CHAIRMAN: You mean before?

MR GOLDBLATT: Yes that is right. -- Hierdie brief het ek persoonlik nog nooit ontvang nie, ek het die enigste brief wat ek van hulle af gekry het was die brief waarin hulle vir my, dit was ongeveer 60 verklarings, afskrifte van verklarings altans beskikbaar gestel het wat aan die Stasie Bevelvoerder van Tokoza Polisie gerig was. So 'n brief het ek nog self nie ontvang nie.

May I read certain passages of it to you?

CHAIRMAN: Sir just read into the microphone, shift it a pull the microphone towards you.

MR GOLDBLATT:/...

MR GOLDBLATT: It is addressed to the Station Commander, South African Police, Tokoza.

"Dear Sir,

re: Attack on Phola Park 8 April 1992

We refer to the above matter and advise that we have been instructed by the victims of the abovementioned attack to open charges on their behalf.

We enclose herewith copies of 60 affidavits made by the victims.

We request members of the South African Police to kindly contact the writer hereof and Miss Vusi Sithole or Miss Miranda Taylor of attorneys Nichols, Cambanis, Cooper, Samey and Pillay, telephone number, if members of the South African Police need to interview any of the deponents. Thanking you in anticipation of your co-operation.

Signed Miss Siedie."

You had not seen that before? -- No.

Having had that read to you, clear channels were opened to the South African Police to contact the deponents and complainants, is that correct? -- Dit is so, dit word so in daardie brief gestel ja.

The next question which I would like to canvass is the medical report that you picked up. I have been told that Mr Pretorius was given a list of some 62 odd names together with corresponding intake numbers from the Natalspruit hospital. How many of those have you in fact been able to get hold of? -- Op hierdie stadium het ons nog net vyf verslae wat op daardie lys voorkom wat deur dr. Kerns aan ons verskaf is, ek het nog nie geleentheid gehad om die res van hierdie verslae

te/...

te bekom nie maar ons het ooreengekom dat ek en mnr. Sithole tesame hierdie verslae sal bekom.

So there are a sizeable number of these documents which are not yet before the Commission? -- Dit is reg.

I know that you do not have the forensic report available to that being the formal document setting out certain evidence which the Forensic Department have available to them, but have you received any informal reports concerning the attack on Mr Misimango's house? -- Is dit omtrent die forensiese ondersoeke wat gedoen is?

Yes? -- Op die forensiese ondersoek het ek nog geen mondelings of telefoniese inligting teruggekry nie, nee.

Have you heard anything from your ballistics department? -- By die ballistiese eenheid het ek met 'n Majoor De Waal gepraat wat die toneel besoek het, hy het ballistiese toetse geneem van die gate en skade aan die huise, dit is by huis nommer 201 en 251, die verslag sal eersdaags beskikbaar wees, ek dink ek het dit reeds gesê en hy het gesê dat dit was nou mondelings gedoen maar dit sal op skrif kom, dat dit slegs 5 komma, daardie R4 kaliber patrone was wat die ingangsgate veroorsaak het in die huis.

<u>VOORSITTER</u>: Wanneer dink u kan ons daardie verslae kry sersant? -- Dit sal voor Vrydag wees.

Voor Vrydag? -- Dit sal voor Vrydag wees ja.

Jy sien ons moet hierdie ding jy weet tot die been oopvlek so gou as doenlik jy weet en mense het baie verwagtinge daaroor. -- Die ballistiese verslae sal reg wees, maar ek is nie so seker van die forensiese verslae nie.

<u>MR GOLDBLATT</u>: Sergeant when you arrived in the camp on the morning of the 9th, I think earlier you testified that you

arrived/...

arrived on the 8th, I think that if you look at the calendar over there you would agree that you arrived on the morning of the 9th? -- Dit is reg ja, dit is reg, ek het die Donderdag, die Woensdag het die voorval plaasgevind en die Donderdag was ek op die toneel, dit is reg.

Would you describe what you saw when you entered the camp, not specifically Mr Misimango's shack, but the condition of the people, the condition of the huts while you were walking around, if you could? -- Ek het verskeie mense in Phola Park, inwoners van Phola Park, ek het aangeneem hulle is inwoners van Phola Park opgemerk wat verbande om hulle ledemate arms, koppe gehad het, en daar was van die mense wat gips ook om hulle ledemate gehad het. Die huise van die inwoners daar was beskadig gewees deur koeëlgate, soos ek reeds gesê het dit is altesame 16 huise en drie voertuie wat ek opgemerk het wat ek self gesien het waaraan skade gewees het.

Would you give a rough estimate of the number of people you saw who were bandaged or showed signs of recent injuries? -- Ek het geen onlangse wonde aan die mense opgemerk nie, ek het slegs verbande aan hulle opgemerk en soos ek gesê het hierdie gips aan arms, as ek moet sê hoeveel mense daardie tipe verbande aan hulle gehad het was dit so ongeveer 20, ek praat onder korreksie, dit kan bietjie meer of minder wees, dit is mense wat in die omgewing gewees het daar.

Did any of them tell you what had happened? -- Die mense van Phola Park het geweier om met my te praat, slegs een getuie het met my gepraat en dit is mnr. Rogers en ek het ook so 'n verklaring van hom bekom waarin hy beweer het dat hy beseer was, dit is die enigste persoon wat daaroor met my gepraat het.

Did you speak to any members of the Tokoza or Katlehong

ANC or/...

ANC or anyone connected to the local civic structure in the area? -- Die enigste persone met wie ek gepraat het daar, wel ek het geprobeer om met die inwoners te praat en ek het toe daarna toe ek nie daar reggekom het nie, het ek met mej. Sally Siedie gepraat wat my toe belowe het dat sy my sal help en tot op hede het sy gedoen wat sy belowe het.

So at what stage did you first become aware of the fact that there were allegations that the South African Defence Force had run amok in Phola Park? -- Dit was omtrant 08:30 toe ek by die toneel opgedaag het toe ek met Richard Rogers 'n onderhoud begin doen het.

So he was the first person to tell you? -- Dit is reg.

And in fact the only resident of the camp who told you that? -- Dit was die enigste inwoner van Phola Park Plakkerskamp wat bereid was om 'n verklaring aan my beskikbaar te stel.

What did he tell you? -- Hy het gesê dat hy geslaap het en toe verskeie skote begin hoor het, hy het nie geweet wat die situasie is nie, die volgende oomblik het persone by sy huisie se deur ingebreek en hom met 'n ysterpyp oor die kop geslaan. Hy het toe daarna weggehardloop hospitaal toe waar hy behandeling ontvang het en hy is die oggend van die 9de van die hospitaal af het hy teruggekom na sy huis by Phola Park, sy huis nommer is toevallig ook L251, dit is die huisie wat aangrensend is aan die oorledene se huis.

Did he give you any description of his assailants? -- Hy het 'n beskrywing gegee van sy aanvallers in die vorm van hulle kleredrag maar nie enigiets anders nie.

What did he say? -- Hy het gesê dat hulle bruin weermag uniforms gedra het, soos ons netnou gesê het hierdie "browns"

hy het/...

hy het dit beskryf aan ons.

Did he discuss any aspect of the language or what they said or asked him? -- Hy het niks van die taalgebruik gemeld nie.

Did you see any heavy vehicle tracks in the alley which is reflected in picture number 1, Buffel tracks? -- Ek is nie vertroud met die merke wat 'n Buffel se bande op 'n pad los nie, ek het in elk geval nie vir soiets opgelet nie, nee.

Have you got any knowledge or have you heard any hearsay reports of an attack at Angus on the morning of the 9th? -- Kan u net weer daardie vraag herhaal?

I am sorry, do you have any knowledge or have you heard any reports about an attack on commuters at Angus Station on the morning of the 9th? -- Ons het self so 'n voorval nie ondersoek nie maar so 'n voorval was deur adjudant Wessels en sy eenheid ondersoek op die oggend van die 9de, wat die uitslag was weet ek nie, ek dra geen kennis daarvan.

Did anyone in 32 Batalion report to you that a house had been identified as being a possible location where firearms were kept? -- Nee, nie vir my nie.

Would you have expected them to have done this? -- Ek kan nie die trant van die vraag verstaan nie, ek weet nie wat u wil weet nie.

Okay, in the event of the army receiving a report that firearms are being kept in a specific shack in Phola Park, they say that they then make investigations and they do not find anything, would you expect them to report that information to the South African Police? -- Wanneer hulle nie iets gekry het nie, wil u weet of hulle dit dan aan ons sal so repporteer dat hulle niks gekry het?

Ja./...

Ja. -- Nee, ons verwag dit nie van hulle nie.

Were you given any empty AK47 cartridges by the members of 32 Batalion? -- Ja ek het, ek praat onder korreksie maar ek dink dit is 24 or 35 AK doppies wat ek by kaptein Hermansen ontvang het wat ek voor ontvangs erken het in hulle registers.

Do you have any possible explanation as to... no, no further questions.

CHAIRMAN: Thank you Mr Goldblatt, Mr Mosselson.

CROSS-EXAMINATION BY MR MOSSELSON: Thank you Mr Chairman, I have no questions.

CHAIRMAN: No questions, thank you, Mr Pretorius.

MNR DE KLERK: Mnr. die Voorsitter ekskuus kan ek net voordat ons mnr. Pretorius kans gee, net 'n enkele saak met die getuie uitklaar?

VOORSITTER: Ja.

MNR DE KLERK: Sersant, die verklaring wat sersant Du Plessis gepoog het om te neem en dat hy toe onderbreek is, volgens die dossier wie se verklaring sou dit gewees het of watter name verskyn bo aan die verklaring? -- Die verklaring was geneem deur sersant Du Plessis in die naam van 'n mnr. John Misimango, die oorledene se eggenoot. (10)

Goed, het julle 'n identitietsdokumente op die tonele in Phola Park opgetel? -- Ja, binne in 'n groen oorjas wat gevind was deur sersant Du Plessis, het hy wat binne in die huis was, het hy in die sak van die oorjas het hy 'n identiteitsdokument van mnr. Misimango en 'n reisdokument van sy vrou gevind.

Die name wat in die identiteitsdokument verskyn van mnr. Misimango, het jy dit beskikbaar hier? -- Ja ek het.

Watter name verskyn daar? -- Dit is, ek sal dit moet

spel ek kan nie die naam uitspreek nie, dit is Lwayifui John Dube en ek het ook sy identiteitsnommer.

Goed, u sê die identiteitsdokument is daardie? -- Dit is die identiteitsdokument van die oorledene se man wat hy noem homself John Misimango.

Maar sy identiteitsdokument as ek u reg verstaan, sê anders? -- Dube, ja.

Goed, dankie mnr. die Voorsitter.

VOORSITTER: Mnr. Pretorius.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. PRETORIUS: Sersant wat ek wil weet is die verhouding tussen die Weermag en die Suid-Afrikaanse Polisie daar. As die weermag so 'n optrede loods, kontak hulle die polisie? -- Soms doen hulle dit ja, maar nie altyd nie.

Wat is die praktyk? -- Die gewone praktyk is dat hulle ons kontak indien so 'n optrede gehou gaan word.

Is daar al vantevore insidente gewees waar hulle alleen opgetree het? -- Hulle tree allenig op maar waar 'n insident plaasgevind het en mense geskiet is of gewond is, dit is nou die eerstekeer wat soiets gebeur het wat ek van kennis dra.

Wat is die formele vereistes of die offisiële beleid as hulle so ingaan vir 'n optrede, moet hulle u kontak of moet hulle u nie kontak nie? -- Nee hulle het nie nodig om die polisie te kontak nie.

CHAIRMAN: Mr Tucker.

CROSS-EXAMINATION BY MR TUCKER: As dit nodig is gaan ek oorslaan na Engels toe en dan sal u my verskoon asseblief, maar kan u na 29B kyk asseblief? -- Kan ek net seker maak watter stel fotos...(tussenbei)

Okay dit is dan hierdie tweede eis. Dit word daar gesê

dat/...

dat hierdie foto 1 dat dit - it shows the western direction of the abovementioned address with damage visible arrow, ek kan geen "arrow" sien nie, kan u vir my sê waar dit is? -- In die regterkantste hoekie langs daardie, dit is so 'n plaat wat op die middel van die huis is op 'n saamgeperste bord hout, net so regs van hom, miskien kan ek dit op my foto vir u wys.

Hierdie klein merkie? -- Dit is reg, dit is daardie merkie daar.

Is dit dan 'n...(tussenbei) -- Dit is 'n ingangskoeëlgat wat binne in die huis se struktuur is.

En lyk dit asof dit waardeur die skoot wat hom getref het, dit het daardeur gegaan? -- Dit is moontlik maar as u kyk na die res van die fotos is dit onwaarskynlik dat daardie spesifieke koeël wat deur daardie gat is, is dit vir my onwaarskynlik dat daardie koeël die oorledene getref het in daardie huis.

VOORSITTER: Waarom sê u so? -- Die oorledene is in sy bors gewond mnr. die Voorsitter, op die foto nommer 3 en 4 kan u sien waar die oorledene of eintlik op foto nommer 4 kan u sien die posisie waarin die oorledene is, hy sit in 'n drom. Nou ek weet nie of 'n mens normaalweg so in 'n drom sit nie, maar as hy raakgeskiet is, is dit moontlik dat hy in daardie drom kon geval het en die hoogte op daardie foto nommer 1 vir wat die koeël van die grond af is, kan u vir uself sien dat dit onmoontlik was dat daardie patroon hom so hoog kon getref het tensy die persoon wat daardie skoot afgevuur het, plat of naby aan die grond langs die huis gelê het en op geskiet het.

MNR. TUCKER: Het ons nog nie die mediese verslag wat hierdie man betref? -- Nee, ongelukkig nog nie.

Verwag ons daardie verslag nog? -- Dit sal ook binnekort beskikbaar/...

beskikbaar wees, dit sal dieselfde beskikbaar wees as die huidige een wat ons van hierdie oorlede swart vrou het, dit sal nog nie heeltemal volledig wees nie.

Kan u vir ons weer sê wanneer jy hierdie lyk gevind het? -- Ek self het hierdie lyk nie gevind nie, dit is gevind deur adjudant-offisier Teurnie op 12 April.

Vier dae na die...(tussenbei) -- Vier dae na die voorval van die 8ste ja.

Was daar enige ander huise in hierdie omgewing wat deur skote getref was? -- Ja daar was, ek weet nou nie presies wat die nommers is nie, maar in hierdie omgewing is daar huise wat ook koeëlgate ingehad het.

Lyk dit asof hierdie koeëlgat deur 'n R1 of 'n R4 of 5 of is dit onmoontlik om te sê? -- Ek het dit nie gesien nie maar volgens majoor De Waal, ek het dit netnou gesê, ek het hom gebel en hy het vir my gesê al die toetse wat hy gedoen het kom neer dat dit 5 komma iets kaliber patrone is wat nie 'n R1 of 'n groter kaliber is nie.

U het vir ons gewys waar hierdie huis geleë is, kan u net weer seker maak dat daardie huis in die gebied is waar u gesê het? -- Ek is nie doodseker nie maar ek dink dit is daar, ek kan nie die huis spesifiek plaas maar dit moet hierso iewerste in hierdie omgewing wees.

CHAIRMAN: Miss Baqwa.

CROSS-EXAMINATION BY MISS BAQWA: I would like to clear something here, you used the word "Tunja" or "Betunja" which you thought was of the Xhosa origin. As I know it that happens to be a Tswana word for shooting or a gun, gun would be "Situnja" and used as a verb it would mean to shoot. Would you have any reason to differ with that? -- Dit is nie

"Situnja"/...

"Situnja" nie, hy het gesê "Betunja".

I mean I want to say there is no such word in Xhosa. -- Ek is nie 'n taalkenner nie, ek kan nie daarop kommentaar lewer nie, ek weet nie watter taal dit was of wat dit beteken nie.

I see, thank you.

VOORSITTER: In u hoedanigheid as 'n beampte wat belas is met die ondersoek van hierdie voorval van die 8ste en die 9de in Phola Park, dra u enige kennis van 'n klaagster wat vorendag gekom het dat sy verkrag is op daardie aand en in 'n geval waar smere verslag is wat aandui dat smere gevat is? -- Mnr. die Voorsitter ja ek het drie sulke vrouens wat verklarings afgelê het by die polisiestasie en waarvan smere geneem was deur 'n geneesheer, ek het dit ja.

En hierdie verslae is J88 verslae? -- Dit is J88 verslae en dan het ek die smeer wat forensiese laboratoriums toe gestuur was wat die dr.s gewoonweg neem, dit het ek ook wat ek alreeds versend het ook na die forensiese laboratorium.

Wat aandui dat die vrouens, die drie vrouens, verkrag is? -- Op die J88 verslae kom dit nêrens uit dat die vrouens wel verkrag is nie, dit is nêrens op die verslae gemeld nie.

So dit is net bewerings van die klaagsters? -- Dit is 'n bewering van die klaagster se kant af, dit is al wat ons op hierdie stadium het.

Maar daar is geen aanduiding dat hulle rêrig verkrag is? -- Hoegenaamd geen aanduidings.

Dit is snaaks. Vind u dit nie snaaks en eienaardig dat jy weet na die smere en alles, die J88 vorm dui nie aan dat daar is niks gesê van verkragting nie? -- Op die J88 vorm die ondersoek wat die dokter doen, mnr. die Voorsitter, hy staan daarso "alleged rape" jy weet dat die dame vermoedelik verkrag was en/...

was en daarvolgens doen hy sy ondersoek en indien hy enigiets sou kry wat aandui op verkragting sal dit op die J88 aangedui word want daar is 'n plek spesifiek vir verkragtings op 'n J88 vorm en daar is hoegenaamd geen aanduiding dat enige een van hierdie drie vrouens volgens dr. Pietersen, verkrag was nie.

Waar is hierdie J88 vorms, waar is hulle? -- Ek het van dit in my dossier en ek het van dit vir mnr. Pretorius al afskrifte gegee.

Jy sien waarom ek daardie tipe vraag vra is omdat jy weet aantygings van verkragtings deur wie dit ookal mag gepleeg het veral die Suid-Afrikaanse Weermaglede, is ernstige aantygings en ons wil dit uitpluis sommer hier en nou, ons moet hoor wat het aangegaan daar. Is daar enige verslae wat aandui dat een van die klaers of enige iemand ernstig aangerand is, jy weet 'n gewone aanranding of aanranding met 'n voorwerp of iets? -- Dit is slegs die vyf verslae wat ek by dr. Kerns gekry het wat sulke aanrandings kan bevestig wat ooreenstem met die lys wat deur die Independent Board vir my gegee was, dit is net daardie vyf verslae wat kan aandui dat daar aanrandings gepleeg was ja. Nie deur wie het dit gedoen nie, maar die feit dat die persone aangerand was, word uiteengesit in daardie vyf mediese verslae.

Hoeveel moorde ondersoek u in verband met hierdie saak? -- Op hierdie saak ondersoek ek twee moorde en twee pogings tot moorde en dan verskeie ander klagtes wat alles word saamgevat en in een saak naamlik openbare geweld met verskillende klagtes.

Is daar ander ondersoek-beamptes wat u tehulp staan of wat? -- Ja ons hele eenheid het my al gehelp met hierdie ondersoek in hierdie saak.

So u/...

So u is nie die enigste ondersoek-beampte in hierdie saak nie, julle is 'n span? -- Die saak is aan my toevertrou, ek is in beheer van die ondersoek van hierdie ding.

Ja u is 'n leier van 'n span wat die ding ondersoek. -- Dit is reg.

Maar alles word vervat in u dossier wat u het? -- Dit is so, dit word alles in hierdie dossier vervat wat tot op hede gedoen is.

U sien waarom vra ek daardie vraag, u sal onthou dat u weet die laaste keer toe u hier gewees het in die boks, was daar vrae geopper deur sekere regsverteenwoordigers hierso dat dit is ontoereikend, dit is nie genoegsaam dat een man ondersoeke instel in so 'n saak van openbare belang en u sal dit onthou. -- Ek onthou dit mnr. die Voorsitter.

So u het dit reggestel nou, u is 'n leier van 'n span, hoe groot is die span? -- Dit is nou reg, dit is ons hele eenheid maar op die huidige stadium is ons drie wat spesifiek net op hierdie saak gewerk het in die afgelope tyd. As jy byvoorbeeld kyk na hoe die verklarings geneem was, dit is verskillende mense van ons eenheid wat almal gehelp het met hierdie verklarings, sersant Du Plessis, sersant Oosthuizen, adjudant Tiernie, sersant Van der Merwe...(tussenbei)

Kry u samewerking van die klaers af of klaagsters af? -- Nee mnr. die Voorsitter.

U kry nie samewerking nie? -- Nee.

Waarom nie? -- Hulle wil in teenwoordigheid van hulle regsverteenwoordigers sal hulle ons te woord staan. Op hierdie stadium verlede week was ek nie hierso gewees nie, ons was in Natal, die ondersoek het gesloer verlede week. Mej. Siedie sal my nog kontak wanneer hierdie mense beskikbaar gaan

wees/...

wees om ons te woord te staan om verklarings te neem.

Ja, u moet seker maak sersant dat die ondersoek nie so sloer nie want u sien hierdie is 'n saak van openbare belang soos ek gesê het en ons moet dit - wanneer dink u sal u die ondersoek afrond? -- Dit is 'n moeilike vraag daar is baie goed wat nog gedoen moet word in die ondersoek in hierdie saak, as u nou vra vir 'n...(tussenbei)

Vir doeleindes van hierdie Komitee, nie vir doeleindes van kriminele sake of wat, maar vir doeleindes van hierdie Komitee? -- Dit behoort nie lank te vat as die mense net hulle samewerking gee nie mnr. die Voorsitter.

Wat stel u voor, wat moet hulle doen om hulle samewerking C300.05 te gee? -- As die, ek sal nou mej. Siedie vat vir 'n voorbeeld, indien sy doen wat sy belowe, kan dit in hierdie week gedoen word, daar moet mense moet ons kom sien soos ek gesê het, die verklarings wat ek het reeds van die mense is heeltemal nutteloos, dit is afskrifte dit is nie beëdig nie, mej. Siedie het nog 'n paar R4 doppies wat sy nog vir my moet gee, dit is sover dit die Phola Park se mense aanbetref. Wat die weermag se kant aanbetref daarso kry ons volle samewerking en ons het geen probleem daar nie, dit is al wat daaraan gedoen moet word is maar 'n paar fotos wat geneem moet word van die voertuie en dan natuurlik verklaring van die leierselemente daar, wat al beskikbaar is ek moet dit net afhaal by die regsverteenwoordigers.

Weet u waar mej. Sally Siedie haar vind huidiglik, waar is sy? -- Haar kantoor is in Johannesburg in Jorrisenstraat.

Is daar enige vrae wat u wil vra?

MNR. PRETORIUS: Ja dankie mnr. die Voorsitter, net na aanleiding van mnr. Bob Tucker se vrae. Die 29B waar die

man/...

man in 'n sittende posisie dood aangetref is vier dae na die tyd, die rigting van waaruit die ingangsgat is in daardie, na watter kant toe wys daardie van waar het die koeël dus gekom in vergelyking met die stegie wat daar geskiet is? -- Die ingangsgat?

Die ingangsgat by daardie huis waar daardie man dood aangetref is? -- Van waar die skietery plaasgevind het, u bedoel nou as, ek kan nie verstaan wat u vra nie?

Daar is 'n foto geneem van hierdie huisie waar die ingangsgat daar by die pyltjie aandui. -- Ja.

Nou as mens sal vat waar vanaf het daardie skoot gekom in vergelyking met waar die stegie waar die skietery plaasgevind het? -- Dit is in daardie algemene omgewing van daardie rigting.

Van daardie rigting. -- Ja.

Van die stegie se algemene rigting? -- Ja.

CHAIRMAN: Any further questions, Mr Lewies?

HERKRUISONDERVRAGING DEUR MNR LEWIES: Sersant ek wil net vir u vra na aanleiding wat hier gevra is, kyk vir my na byvoorbeeld in u dossier A83 dit is 'n J88 vorm. -- Ek het hom voor my.

Verduidelik net vir ons hoe werk 'n J88. Soos ek verstaan is die eerste bladsy daar om te sê wat die bewerings is en dit tweede bladsy is die ondersoek dan, is dit reg? -- Ja dit is die bewering en as u daar sien die algemene toestand van so 'n klaagster, dit kom daar, heelonder is die bewering wat gemaak word, "sexually assaulted, see form B".

Kom ons vat net byvoorbeeld, ons gaan nou na "form B" toe, is daar enigiets hierso in "form B" in die ondervinding wat u het wat vir 'n mens kan aandui dat hierdie dame verkrag is, enigiets?/...

enigiets? -- Vorm B is net die ding wat u daar by u nou het nie, vorm B is 'n SAP108 wat navraag doen omtrent die ondersoek.

Ekskuus maar ek het nou so 'n vorm B, daar is 'n skets op? -- Ja, ja, ek het hom hierso.

Nou kyk na daardie, is daar iets wat daarop aandui of kan 'n mens hieruit sien dat daar enigiets is wat wys dat sy verkrag is? -- Nee mnr. die Voorsitter, aldrie die J88 vorms is op dieselfde trant en op geeneen van aldrie die vorms is daar enige aanduiding dat enige van hierdie drie klaagsters verkrag was nie.

Op die vorm B nie? -- Nee op die hele vorm behalwe vir die bewering wat voorop gemaak word.

MNR PRETORIUS: Mnr. die Voorsitter ek wil net objekteer op hierdie stadium, hierdie is nie 'n mediese getuie nie, ek weet nie of hy hom kan uitspreek daaroor of daar enige aanduidings is nie, daar is miskien nie enige geweldskenmerke nie, maar daar kan dalk 'n wit afskeiding wees wat gevind is wat wel kan dui op verkragting. Ek weet nie of daar kategories deur hierdie getuie sulke mediese opinies gehuldig kan word nie.

VOORSITTER: Ek dink ons moet liewer mediese getuies kry wat daaroor sal kan getuig.

MNR LEWIES: Ek neem kennis mnr. die Voorsitter, ek laat die geleentheid wat dit aanbetref daar. Ek wil net hê betreffende foto 29B, ek vra om verskoning mnr. die Voorsitter, ek het ongelukkig nie daardie foto-album gehad nie, maar nou dat dit tot my hande gebring is wil ek net vir u vra kyk asseblief na BEWYSSTUK 29B sersant, dit is foto 1 daar ek is jammer ek vra om verskoning, foto 2, is u met my? -- Ja.

Is dit die oorledene wat daar is in foto 2? -- Binne

in daardie/...

in daardie drom ja.

Ek neem dit aan, dit is hoe hy gevind is? -- Dit is op die toneel soos hy gevind is ja.

So as 'n mens deur hierdie venstertjie of wat ookal hier aan die voorkant van foto 1 is waar daar staan MR en 'n gat onder sal 'n mens nie sommer sien nie? -- Ekskuustog?

As 'n mens daar in die nag deurkyk, deur hierdie gat hierso waar daar staan MR op foto 1, jy sien daar is so 'n gat onder? -- Ja.

Sal jy daardeur kan sien? -- Binne in die huis in?

Ja? -- Selfs in die dag is daardie huis baie donker in die binnekant, ek glo in die nag sal jy glad niks binne in kan sien nie.

Dit lyk vir my die oorledene is dan nog weggesteek agter 'n bed as 'n mens kyk na foto 34? -- So gedeeltelik agter die bed in die rigting van die skootsvlak ja.

Ek sien, nou net weer na foto 1 toe, wat is hierdie, dit lyk vir my soos 'n deksel wat toeslaan wat daardie gat toemaak? -- Wat die venster toemaak ja.

Ek sien, ek is u dank verskuldig mnr. die Voorsitter.

VOORSITTER: Enige ander vrae voor ek hierdie getuie verskoon? (10)

RE CROSS-EXAMINATION BY MR GOLDBLATT: Sergeant, how many specific cases are you investigating at the moment? -- Dit is altesame agt.

Eight. -- Agt sake ja.

What are they? -- Dit is 'n moord, ek ken nie almal se spesifieke besonderhede nie maar dit is almal moordsake, al agt moordsake of openbare geweldsake.

I am sorry, I am talking about in connection with this incident? -- Dit is hierdie voorval ingesluit ja.

How/...

How many specific charges are you investigating at the moment in connection with this incident? -- Ek sal my dossier moet raadpleeg en ek weet nie of ek dit kan doen nie?

VOORSITTER: Ja jy kan jou geheue verfris in die dossier. -- Dankie mnr. die Voorsitter.

Daar is geen vaste reëls hierso nie, van toepassing nie. -- Ek ondersoek drie moordsake, drie verkragtingsake, 47 aanrandingsake, vier sake van kwaadwillige saakbeskadiging, twee klagtes van diefstal en dan nog twee addisionele klagtes van poging tot moord op die weermag, op 32 Bataljon, twee van hulle mense was gewond gewees in, een die 8ste en die ander een die 9de. Dit is alles om hierdie saak wat ek ondersoek.

MR GOLDBLATT: When was the man wounded on the 9th if I may ask? -- Op die 9de die aand ongeveer 21:00 en op die 8ste dieselfde.

How many accused have been identified by complainants? -- Geen beskuldigdes was nog geidentifiseer deur enige iemand nie, op hierdie stadium kan ons niemand beskuldig nie.

Okay then let me rephrase that. How many people have been identified by complainants as people who in one way or another attacked them? -- Ek neem aan u praat nou van die uitkenningsparade?

Ja, dit is korrek. -- Ek het nie die spesifieke syfers hierso nie, kaptein Kritzinger moet sy verslag nog vir my beskikbaar stel maar dit was in die omgewing van 43 mense wat geidentifiseer is.

How many people who were placed on the scene by the South African Defence Force have been identified? -- Nege persone was op die toneel geplaas deur hulle.

Would you tell me the nature of the complaints against

## Collection Number: AK2702

## Goldstone Commission of Enquiry into PHOLA PARK Records 1992-1993

### *PUBLISHER:*

*Publisher:-***Historical Papers, University of the Witwatersrand**
*Location:-***Johannesburg**
**©2012**

### *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand by the Church of the Province of South Africa.